

## 4. Josef word onderkoning van Egipte

**Genesis 39: 7 - 43: 34**

### **Josef word verneder en verhoog**

God voer uit wat Hy besluit het. Hy gebruik Josef as werktuig in sy hand om dit te doen. Nadat hy as slaaf verneder is, verhoog God hom as onderkoning van Egipte. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die Here skenk wysheid aan die wat Hy uitverkies het.
- Net soos Josef verneder en verhoog is, sal Jesus verneder en verhoog word.
- God lei die wat Hy uitverkies het, tot bekering.

### **Josef in die gevangenis**

Terwyl Josef in die tronk is, word twee hoë amptenare van die koning saam met hom toegesluit. Dit is die voorman van die skinkers en die voorman van die bakkers. Hulle is hofdienaars en moes die koning persoonlik bedien. Hulle het die een of ander oortreding begaan en terwyl hul saak ondersoek word, word hulle in die gevangenis aangehou. Dit is Josef se verantwoordelikheid om hulle te bedien.

Een môre kom hy by hulle en sien dat hulle baie omgekrap lyk. Hulle vertel dat hulle elkeen die vorige nag 'n snaakse droom gehad het. Hulle is seker daarvan dat die drome iets moet beteken, maar daar is niemand wat die drome vir hulle kan uitleë nie. Josef weet dat die Here soms deur drome iets oor die toekoms aan mense bekend maak. Daarvan kan hy uit eie ondervinding getuig. Hy verduidelik aan hulle dat alleen God drome kan verklaar. Hy vra hulle om die drome aan hom te vertel.

### **Josef verklaar die skinker en bakker se drome**

Die skinker vertel dat hy in sy droom 'n wingerdstok met drie ranke gesien het. Die trosse aan die ranke het gou ryp druiwe geword. Hy het die koning se drinkbeker by hom en druk die druiwe uit en gee die beker aan Farao (die koning) om te drink. Josef verstaan dadelik wat die droom beteken. Die drie ranke beteken drie dae. Oor drie dae sal die skinker weer in sy pos herstel word. Die skinker is baie bly om dit te hoor. Josef vra hom 'n guns. Hy moet

Farao vertel van Josef wat onskuldig in die gevangenis is.

Die bakker is nou gretig om sy droom ook te vertel, want dit is amper net soos die van die skinker. Hy het drie mandjies met witbrood op sy kop gedra en in die boonste mandjie is allerlei goed vir die koning om te eet. Voëls kom en pik die kos uit die boonste mandjie weg. Vir hom het Josef slegte nuus. Oor drie dae sal hy opgehang word en die voëls sal kom en sy vlees wegpik. Na drie dae verjaar die koning en alles gebeur presies net soos Josef gesê het. Die skinker het Josef egter skoon vergeet en hy bly nog twee jaar in die tronk voor die Here dit so beskik dat hy verlos word.

### **Farao se drome**

Twee jaar later droom Farao ook een nag twee drome kort na mekaar. Eers sien hy sewe mooi, vet koeie uit die Nyl opkom. Hulle gaan wei in die rietgras. Daarna kom sewe lelike, maer koeie wat die vet koeie opeet en tog bly hulle net so maer. Farao skrik wakker, maar raak dadelik weer aan die slaap. Hy droom weer van sewe mooi vet are wat aan 'n steel groei. Daar kom sewe maer are, deur die oostewind verskroei, en hulle verslind die vet are. Farao skrik wakker. Hy is baie onrustig, want hy is seker dat hierdie drome iets beteken.

Hy laat al sy towenaars en slim manne roep, maar hulle kan die drome nie verklaar nie. Skielik onthou die skinker van Josef in die tronk. Hy vertel vir Farao dat Josef sy en die bakker se drome uitgelê het. Dadelik laat Farao vir Josef roep. Josef skeer hom gou, maak hom netjies en verskyn voor Farao. Hy verduidelik ook aan Farao dat hy nie drome kan uitlê nie, maar dat God dit wel kan doen.

Die koning vertel sy drome aan Josef. Josef sê dat God aan die koning wil bekend maak wat in die toekoms gaan gebeur. Die twee drome beteken presies dieselfde. Omdat God beslis sy besluit gaan uitvoer, het die koning twee keer gedroom. Die Here het besluit daar sal sewe jare van oorvloed in Egipte wees, waarna sewe jare van hongersnood sal volg. Josef gee verder vir Farao goeie raad. Hy moet 'n verstandige man aanstel wat daarvoor moet sorg dat daar gedurende die jare van voorspoed genoeg gebêre word vir die jare wat daar geen oeste sal wees nie.

## **Josef word onderkoning**

Vir Farao en sy dienaars is dit 'n uitstekende voorstel. Waar kan hulle 'n beter man kry om die plan uit te voer as Josef self? Hulle kan tog duidelik sien dat die Gees van God in hom werk. Josef word dadelik oor die hele Egipte aangestel. Hy is onderkoning van Egipte en ontvang die koning se seëlring wat hy kan gebruik om wette uit te vaardig. Hulle trek vir hom 'n kleed van fyn linne aan en sit 'n goue ketting om sy nek. Farao laat hom op sy tweede rytuig deur die stad ry. Voor die rytuig stap 'n persoon wat die mense waarsku om pad te gee. Farao gee hom 'n Egiptiese naam: Safenat-Paneag. Wat hierdie naam beteken, is nie seker nie. Waarskynlik beteken dit "hy van wie die godheid spreek, lewe". Farao gee ook aan hom 'n vrou, Asenat, die dogter van 'n priester. Uit hierdie huwelik is twee seuns gebore, eers Manasse en daarna Efraim. Wanneer die Israëliete later uit Egipte trek, trek die nageslag van Manasse en Efraim saam na die beloofde land.<sup>10</sup>

Die Here beskik dit so dat Josef onderkoning van die magtige Egipte word. Hy is nou 30 jaar oud. Dertien jaar gelede is hy in Kanaan as slaaf verkoop. In die 13 jaar moes hy baie lyding en vernedering ondergaan, maar as hy terugkyk, sien hy hoe die Here alles vir hom ten goede laat meewerk het. Na sy vernedering word hy verhoog. Net so sal Christus eeue later ook na lyding en vernedering verheerlik word. Josef se lewe is 'n heenwysing na Christus.

Te midde van al die gebeure bly Josef op God vertrou. In Egipteland is hy die enigste wat God ken en in Hom glo. Hy is nou so belangrik dat hy maklik hoogmoedig kan word, maar hy bly nederig en beskeie. Toe sy seuns, Manasse en Efraim, gebore word, gee hy aan hulle name wat wys dat hy God nie vergeet het nie.

## **Sewe jare van voorspoed en dan volg die droogte**

Gedurende die sewe jare van voorspoed versamel Josef groot voorrade koring by elke stad, so baie dat hulle later nie meer weet hoeveel daar is nie. Toe die sewe jare van hongersnood aanbreek, stuur Farao die mense wat kom hulp soek, na Josef. Hy verkoop die koring aan hulle en bring die geld wat hy ontvang, na die paleis van Farao. Toe die geld van die mense op is, ruil hy die koring vir hulle vee en toe hulle vee op is, ruil hy die koring vir hulle grond. So word die hele Egipte Farao se eiendom.

---

10 Num. 26: 28 Die seuns van Josef volgens hulle geslagte was: Manasse en Efraim.

Josef word die man na wie almal opsien vir hulp. Selfs die nasies wat buite Egipte woon, gaan na Josef om koring te koop. So word Josef 'n wêreldbekende man. Ook in Kanaan is die hongersnood erg. Hier is nie voorsorg getref soos in Egipte nie. Jakob stuur tien van sy seuns na Egipte om koring te gaan koop. Net Benjamin bly agter by sy pa. Jakob is bang hy sal iets oorkom, want hy is nog jonk. Hy dink dit is al kind van Ragel wat hy nog het, want hy weet nie dat Josef nog leef nie.

### **Josef se broers kom na Egipte**

In Egipte gaan die tien broers dadelik na Josef, hy is die enigste man wat hulle kan help. Dit is ongeveer 20 jaar sedert hy verkoop is. Josef is 'n volwasse man en hulle herken hom glad nie. Hulle verwag hom nie hier nie. As hy nog lewe, sal hy iewers 'n slaaf wees, dink hulle. Josef herken hulle dadelik, maar hy gee dit nie te kenne nie. Hy praat Egipties en daar moet vir hulle getolk word. Terwyl hulle so eerbiedig voor hom staan, dink Josef aan die drome wat hy as jong seun gehad het. Hy wil nie wraak neem nie, maar hy gaan hulle deeglik op die proef stel om te sien of hul gesindheid intussen verander het. Hy gee voor dat hy hulle nie glo nie en beskuldig hulle daarvan dat hulle spioene is wat kom kyk hoe hulle Egipte kan aanval.

Om Josef van hul eerlikheid te oortuig vertel hulle hul familie se geskiedenis. Hulle is twaalf broers, maar die jongste het by hul vader agtergebly en die ander broer is nie meer daar nie. Hulle hou nog by hul storie wat hulle vir hul pa vertel het. Josef bly hulle beskuldig dat hulle spioene is. Om van spioenasie beskuldig te word, is 'n ernstige aanklag.

Hy wil hulle toets. Van hulle moet hul jongste broer gaan haal. Die ander sal intussen in die tronk moet bly. Om te wys dat hy ernstig is, laat hy al tien van hulle drie dae lank toesluit. Op die derde dag kom Josef met 'n nuwe voorstel. Hy het gedink aan hul huisgesinne wat honger ly. Hy sal hulle laat gaan, maar een van hulle in die tronk hou, totdat hulle hul jongste broer bring. So kan hulle dan hul eerlikheid bewys.

Josef se broers dink terug aan die dag toe hulle Josef in die put laat sak het en nie na sy pleidooie wou luister nie. Hulle praat onder mekaar en Ruben verwyt hulle dat hulle nie daardie dag na hom wou luister nie. Intussen luister Josef aandagtig na hul gesprek. Hulle weet nie dat hy hulle verstaan nie. Hulle kom ook nie agter dat Josef huil as hy vir 'n rukkie hulle verlaat nie. Josef besef nou dat Ruben hom wou help en besluit om hom nie verder te straf nie. Simeon is die tweede oudste en moes hom beskerm het toe Ruben

nie daar was nie. Hy laat hom daarom in Egipte agterbly. Voor hul oë laat Josef hom in hegtenis neem.

Josef wil hom nie op hulle wreek nie. Hy wil net vasstel of hulle nog dieselfde harde en onverskillige mense van vroeër is. Josef beseft hoe moeilik dit vir sy broers sal wees om hul vader te oorreed om Benjamin met hulle saam te stuur. Tog stel hy die eis om vas te stel of sy broers nog so liefdeloos is as wat hulle vroeër teenoor hom was. Die honger sal hulle wel dwing om te kom, maar om seker te wees, hou Josef Simeon as gyselaar agter.

## **Terugreis na Kanaan**

Toe die broers terugreis na Kanaan, is hulle dankbaar vir die koring wat hulle kon koop, maar tog verslae oor Simeon wat moet agterbly. Langs die pad gebeur daar iets wat hulle hewig ontstel. Een van hulle maak sy sak oop om vir sy esel voer te gee en sien sy bondeltjie geld wat hy vir die koring betaal het, bo in sy sak. Hy vertel dit vir die ander en hulle word baie bang. Hulle begin insien dat God hulle straf vir al hul sonde.

By hul vader aangekom, vertel hulle hom alles wat met hulle gebeur het en dat hulle Benjamin sal moet saamneem as hulle weer na Egipte gaan, anders sal Simeon nie vrygelaat word nie. Hiervan wil Jakob niks weet nie, veral toe hulle hul sakke oopmaak en elkeen sy bondeltjie geld bo in sy sak kry. Ruben praat mooi en sê aan Jakob dat hy sal instaan vir Benjamin se veiligheid. Hy is gewillig om sy twee seuns aan Jakob as pand vir Benjamin te gee, maar Jakob staan vas by sy besluit.

Die koring wat hulle in Egipte gaan haal het, raak gou op en steeds duur die hongersnood voort. Die broers moet weer na Egipte gaan, maar hulle mag nie sonder Benjamin gaan nie. Dit kos mooipraat om hul pa te oortuig om Benjamin te laat saamgaan. Hy neem hulle kwalik dat hulle vir daardie man in Egipte vertel het dat hulle nog 'n broer het. Hulle verduidelik dat die man hulle so uitgevra het na hul hele familie dat hulle nie anders kon as om die waarheid te praat nie. Juda tree self as borg vir Benjamin op.

Die aanbod van Ruben dat Jakob sy twee seuns kan doodmaak, is goed bedoel, maar van geen waarde nie. Jakob reageer dan ook nie daarop nie. Die borgstelling van Juda is wel betekenisvol. Uit sy stam sal later die Borg van al die gelowiges gebore word.<sup>11</sup>

---

11 Heb. 7: 14 Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

## **Weer na Egipte**

Jakob sien geen uitkoms meer nie en gee toestemming dat Benjamin kan gaan. Hulle moet 'n klomp geskenke vir die man in Egipte saamneem en dubbel die geld wat nodig is, sodat hulle die vorige koring ook kan betaal. Hy bid dat God hulle sal help om Simeon en Benjamin weer saam met hulle te laat terugkeer.

Toe die broers in Egipte aankom, gaan hulle reguit na Josef. Hy sien dat hulle Benjamin saambring het en gee opdrag aan sy opsigter om 'n groot maaltyd by sy huis voor te berei, want die manne moet by hom kom eet. Josef se broers is aangenaam verras, maar hulle voel tog 'n bietjie onrustig. Is dit nie dalk net 'n slim plan van Josef om hulle onverhoeds te oorrumpel, omdat hulle die vorige keer se geld teruggeneem het nie? Voordat hulle die huis binnegaan, wil hulle eers die geld aan die opsigter gee, maar hy wil dit nie neem nie. Dit slaan hulle dronk. Hulle word baie vriendelik ontvang en toe Josef by die huis opdaag, bied hulle hom die geskenke aan terwyl hulle almal voor hom buig. Hy vra hulle hoe dit met hul pa gaan. Toe hy Benjamin sien, is hy ontroerd en gaan eers na sy kamer om te huil, maar was dan sy gesig en kom weer terug.

Toe hulle hul plekke aan tafel inneem, is hulle opnuut verbaas. Josef het dit so gereël dat hulle volgens ouderdomme sit, van die oudste tot die jongste. Simeon het intussen ook by hulle aangesluit. Hoe sou Josef weet hoe oud hulle is? Dis 'n deftige maaltyd. Die kos is van die beste. Die broers sit almal bymekaar. Die Egiptenaars sit eenkant, want hulle eet nie saam met die Hebreërs nie. Hulle eet lekker en almal is vrolik en opgeruimd, maar een ding hinder die broers. Waarom is Benjamin se porsie vyf maal groter as hulle s'n?

## **Josef se broers vertrek**

Die maaltyd in Josef se huis is verby en die broers is baie gelukkig. Hulle het 'n koninklike ontvangs gehad en hulle is weer almal bymekaar. Hierdie keer het die onderkoning nie weer geëis dat iemand moet agterbly nie! Hoe bly sal hul pa nie wees om hulle almal terug te sien nie. Hulle is baie haastig om te vertrek. Die koring is reeds in die sakke gereed om op die esels gepak te word en hulle het daarvoor betaal. Vroeg die volgende oggend val hulle in die pad. Hulle wil so ver as moontlik trek terwyl dit nog koel is.

### **Aanbevole leesstukke**

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 168 – 173 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 80 – 88 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 125 – 127 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 152 – 180 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 72 – 73 p.